



**AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL II  
(SKRYFVRAESTEL – LU 3 EN LU 4)**

Tyd: 3 uur

100 punte

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Die vraestel bestaan uit 11 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
  2. Daar is TWEE afdelings: Letterkunde (Drama en Prosa) en Transaksionele skryfwerk.
  3. Beantwoord VIER vrae: TWEE uit Afdeling A (EEN oor Prosa en EEN oor Drama) en TWEE uit Afdeling B (Transaksionele skryfwerk).
  4. Verseker dat jy, waar dit die geval is, albei dele van 'n besondere vraag voltooi.
  5. Begin elke vraag **boaan 'n nuwe bladsy**. Nommer jou antwoorde presies volgens die vraestel.
  6. Skryf slegs aan een kant van die bladsy.
  7. Lees asseblief die instruksies by ELKE vraag noukeurig en voer die opdragte presies daarvolgens uit.
  8. Let op die puntetoekenning van die verskillende vrae.
  9. Dit is in jou eie belang om netjies en duidelik leesbaar te skryf.
  10. Goeie taalgebruik en spelling sal natuurlik in jou guns tel.
-

**AFDELING A LETTERKUNDE**

Beantwoord EEN vraag oor die drama van jou keuse en EEN vraag oor die prosawerk van jou keuse in hierdie afdeling.

**DRAMA DIEPE GROND – REZA DE WET****VRAAG 1**

Lees die volgende uittreksels uit die dramateks **DIEPE GROND** deur Reza de Wet en beantwoord dan óf Vraag 1.1 óf Vraag 1.2 daaroor:

- Soekie: Boetie ... Boetie, ek is bang ...  
 Frikkie: Toe maar, Sussie ... toe maar ... alles sal regkom ... jy sal sien.  
 Soekie: *(weer hoopvol)*: Dink jy so, Frikkie?  
 Frikkie: *(onseker)*: Ja, ek dink so.  
 Soekie: *(nou weer gelukkig)*: Kom ons speel 'n bietjie, Boetie. Kom, dan sal jy van hom vergeet.  
 Frikkie: Nee, nie nou nie.  
 Soekie: Toe, Boet ... Ag toe ... Ons het nog nooit vandag gespeel nie, en dit sal so lekker wees.  
 Frikkie: Ek weet nie ...  
 Soekie: Dit sal nog lank wees voor hy terug is.  
 Frikkie: Miskien kom hy gouer ...  
 Soekie: Nou ja, dan hou ons op! Toe, Boet ... en ons kan speel net wat jy wil.  
 Frikkie: Nou ja, toe dan.  
 Soekie: Nou wat wil jy speel, Boet?  
 Frikkie: Ek weet nie ...  
 Soekie: Wil jy 'afluister by Ma en Pa se kamerdeur' speel?  
 Frikkie: Nee wat ... ons het dit gister gespeel.  
 Soekie: Wil jy 'Pa raas met Soekie' speel?  
 Frikkie: Nee ... nie dit nie. Ons speel dit altyd.  
 Soekie: Wat van 'Ma vra vir Frikkie oor die lakens'?  
 Frikkie: *(bly)*: Ja, dis 'n goeie een. Maar dis te lank ...
- ...
- Soekie: En hulle't nooit weer met ons geraas nie – het hulle Boetie?  
 Frikkie: *(gerusstellend)*: Nee, hulle het nie.  
 Soekie: *(sag en vertroulik)*: Want sien, meneer, ons het hulle gebêre. *(Sy haal die tou onder haar kussing uit)*  
 Grové: *(onrustig; kom moeilik orent)*: Gebêre, juffrou? Wat bedoel u?  
 Soekie: *(hardloop liggies op haar tone na voor links, hurk en klop teen die vloer)*: Hier is Pa ... *(hardloop na voor regs en doen dieselfde)* en hier is Ma. Ons speel dit elke dag. Is dit nie so nie, Boetie? Dis ons beste speletjie: Frikkie en Soekie bêre vir Ma en Pa. *(Kinderlik, asof sy 'n rymple opsê)* Boetie lig die plank op en ek kyk dat alles in is. Dan slaan hy weer die spykers in en ek gee hulle aan.

**Al die fantasiespeletjies van Soekie en Frikkie het toespelings van geweld, die seksuele of oormatige outoriteit wat herlei kan word na 'n te streng rigiede opvoeding ten opsigte van wat reg/ goed/ mooi en verkeerd/ sleg/ lelik is.**

*Van der Wal (2005:35)*

**1.1 OPDRAG:**

Soekie en Frikkie is **verveeld** en daarom speel hulle hierdie **gewelddadige, seksuele en skokkende speletjies**. Die speletjies is ook daar om die gehoor te vermaak sodat hulle die humor in die drama kan raaksien. Soekie en Frikkie **mis hulle ouers** en dit is waarom hulle ma en pa altyd deel van hulle speletjies is. Hulle is **baie bly** dat Grové kom kuier het, want nou het hulle weer 'n **ouer (vader-) figuur** in hulle lewens na wie hulle kan opkyk en iemand wat hulle kan help. Die uiteindelijke **moord op Grové** is dus eintlik net 'n speletjie wat per ongeluk te ver gegaan het.

**Neem standpunt in VIR of TEEN die geldigheid van bogenoemde stelling. Stel jou argumente met verwysing na die uittreksels en aanhaling gesien teen die groter geheel van die drama.**

- Struktureer jou mini-essay in 4 – 5 sinvolle paragrawe.
- Moenie meer as 300 – 400 woorde skryf nie. Skryf die aantal woorde onderaan jou opstel.
- **Jy moet jou opstel met 'n breinkaart of konsepkaart beplan. Dit vorm een van die kriteria op die rubriek vir evaluering.**
- Ondersteun jou argumente met verwysings uit die dramateks.
- Gepaste woordkeuse, duidelike formulering en keurige taalgebruik sal natuurlik in jou guns tel.

[30]

ÓF

**1.2 OPDRAG:**

Sommige kritici voel dat die karakter van Ou Alina nie regtig nodig is in die drama **Diepe Grond** nie, aangesien sy nie veel bydra tot die handeling of die sentrale temas in die drama nie. Sy is net 'n huisbediende ('n helper) in die huis en die drama se boodskap sou net so sterk oorgedra word sonder haar teenwoordigheid.

**Neem standpunt in VIR of TEEN die stelling hierbo vanuit jou insig in die dramateks. Gee wel aandag aan die volgende aspekte:**

- In die personeteks word Ou Alina soos volg beskryf: 60, die plaasbediende. Sy straal 'n byna magiese krag uit en wanneer sy op die verhoog verskyn, het sy 'n oorheersende teenwoordigheid. Sy dra 'n kopdoek, baie armbande en haar voete is kaal. Sy is geklee soos 'n tradisionele plaasbediende.
- Dit is belangrik dat die gehoor gedurig van ou Alina in die kombuis bewus bly (bl. 14).
- Gedurende die drama speel sy die volgende rolle: voeder, versorger, beskermer en vertrooster.
  - Struktureer jou mini-essay in 4 – 5 sinvolle paragrawe.
  - Moenie meer as 300 – 400 woorde skryf nie. Skryf die aantal woorde onderaan jou opstel.
  - **Jy moet jou opstel met 'n breinkaart of konsepkaart beplan. Dit vorm een van die kriteria op die rubriek vir evaluering.**
  - Ondersteun jou argumente met verwysings uit die dramateks.
  - Gepaste woordkeuse, duidelike formulering en keurige taalgebruik sal natuurlik in jou guns tel.

[30]

**VRAAG 2**                      **BOESMAN, MY SEUN – DEON OPPERMAN**

Die drama eindig met die indoof van die lied *Pappa* deur Stef Bos, waarvan die woorde hieronder verskyn. Lees die woorde noukeurig.

**Opdrag:** Met die woorde van die lied **en** die inhoud van die drama in gedagte, dink jy dat die **woorde** van die lied wat die versoeningstoneel tussen Pa en Seun vergesel, 'n gepaste slot vir die drama is, **of** is daar te min raakpunte tussen die woorde (lied) en die drama.

**Neem standpunt in en ondersteun één van bogenoemde opsies. Skryf 'n goedgestruktureerde mini-essay van 300-400 woorde (4 – 5 paragrawe).**

**Beplan eers jou opstel noukeurig.**

Wenk: Onderstreep die woorde in die lied wat jy kan/ wil gebruik as argumente vir jou standpunt. Onthou, jy moet van die begin af jou standpunt duidelik stel ten gunste van die lied as slot **of** teen die gebruik van die lied as slot.

**Let Wel:** Beplan jou opstel. Dit vorm deel van die bepunting.

Verwys na die drama **en** die lied in jou opstel.

Skryf in paragrawe.

Moenie die woordperk oorskry nie.

Gepaste woordkeuse en keurige taalgebruik sal in jou guns tel.

*Pappa – Stef Bos uit Beste van Bos*

Ek het dieselfde oë  
en ek kry jou trekke om my mond  
vroeër was ek driftig  
vroeër was jy driftig  
maar ons het ons rus gevind  
en ons sit langs mekaar  
en ons sê nie veel  
vir alles wat jy doen  
het ek dieselfde ritueel  
*Pappa, ek lyk steeds meer soos jy.*

Ek het dieselfde hande  
en ek kry jou rimpels op my vel  
Jy het jou idees  
ek het my idees  
En ons swerf in gedagtes  
Maar ons kom altyd tuis  
die waarheid wat jy gesoek het  
en wat jy nooit gevind het nie  
ek soek dit ook  
en tevergeefs  
solank ek leef  
*want pappa ek lyk steeds meer soos jy*

Vroeër kon jy streng wees  
En ek het jou soms gehaat  
Maar jou woorde  
lê op my lippe  
en ek praat nou  
soos jy vroeër praat  
Ek het 'n godlose geloof  
En ek hou van elke vrou  
En miskien het ek geword  
Wat jy heeltemal nie wou  
*Maar pappa ek lyk steeds  
meer soos jy*

Jy glo in God  
dus gaan jy na die hemel  
En ek glo in niks  
dus kom ons mekaar ná die dood  
Na die dood nooit meer teë  
*Maar pappa  
ek hou steeds meer van jou*

[30]

**VRAAG 3 KORTVERHALE UIT DOUSPOOR****Kies een vraag uit die volgende twee:****3.1 'Aapstreke' deur Patrick W. Davids**

Die kortverhaal 'Aapstreke' wil met die eerste oogopslag lyk soos 'n speurverhaal, waar die leser die rol van die speurder speel. Nogtans lyk dit of hier ook moontlik 'n ander boodskap aan die leser oorgedra word, naamlik dat dit **bomenslike kragte** neem om van 'n **korrupte politikus** ontslae te raak.

**OPDRAG:**

**Skryf 'n literêre opstel van ongeveer 500 – 600 woorde waarin jy die stelling hierbo deeglik bespreek deur onder meer gebruik te maak van die volgende aanhalings uit die teks:**

*'Volgens Aristoteles is ek maar net 'n politieke dier, van vlees en bloed en geneig tot foute,' besweer hy altyd kritiek met 'n ooparm-wêreldvredegebaar.*

*'Dis jou soort wat nie 'n vasstrapplek moet kry vir julle ongoddelike hefboomidees nie,' het 'n belese luisteraar onderlangs kwytergeraak toe hy die woorde uiter.*

*Dis wat haar in die begin aangetrek het: die vermoë om vreesloos op 'n koord van kwinkslae die grysarea-afgronde aan te durf, oor te steek en dan die vyand te verstrengel of af te maai met retoriek. Gewelddadig soos 'n roofdier, tog bewus: Hy is ook potensieële prooi.*

*Hulle sien die onderdrukte woede in die gorillawyf se oë en besef: Suzy sal dié keer moord pleeg om haar kleintjie te behou.*

*Gespanne staar Suzy vanuit 'n hoek. Haar oë bloedbelope, die neusvleuels gesper in bloedlus.*

*Dit behoort sy kritici se monde vir eens en vir altyd te snoer, veral dié wat hom uitkryt as politikus wat eintlik 'n gorilla is wat net regop leer loop het.*

*... sy kan nie help om te dink dat die minister soos 'n aap lyk wat jy deur 'n ring kan trek nie. Sy woorde perfek geartikuleer, sy klere onberispelik. Net sy oë is yskoud.*

*Toe die tweede kreet kom, kyk mevrou minister na die gorillahok en sien Suzy deur die meters hoë opening in die koepelhok spring. Die gorillamannetjie knap op haar hakke. Byna geluidloos land hulle op die podium. Suzy gryp die woordlose en hygende minister hardhandig voor die bors en snuif aan die wit sakdoek in sy baadjiesak. Triomfantlik hys sy die minister van die grond af en swaai hom bokant haar kop.*

*Die klap van 'n nek wat breek, is hoorbaar bo die gille van die gaste.*

*Sy het altyd geweet haar man sal eendag aan die hand van 'n vrou sterf.*

**Lees ook die teksgedeelte op die volgende bladsy:**

***Compton's Interactive Encyclopedia (1994:5) sê die volgende oor gorillas:***

Die grootste en, paradoksaal, die makste van die mensape is die gorillas (...) Ten spyte van die feit dat hulle meestal onskadelik optree, beide in die wildernis en in aanhouding, word gorillas dikwels in 'n verskeidenheid fiksionele genres voorgestel as bloeddorstige en aggressiewe skurke. Dit is geheel en al 'n misinterpretasie van hulle normale aard.

**Belangrik:**


- Jou opstel moet getuig van deeglike beplanning.
- Maak seker daar is 'n sterk inleiding wat jou siening duidelik stel.
- Die liggaam van jou opstel moet bestaan uit paragrawe met een hoofgedagte per paragraaf; ondersteun deur toepaslike materiaal uit die aanhalings hierbo en die teks as groter geheel.
- Sluit jou opstel af met 'n samevatting van jou argument wat aantoon hoe jou insigte aansluit by die stelling wat gemaak is.
- Goeie taalversorging en spelling sal in jou guns tel.

**[30]****ÓF****3.2 'Die Romany Creams' deur Petro Faasen**

In die kortverhaal 'Die Romany Creams' is daar 'n **derdepersoon-/ eksterne verteller**, maar daar word byna deurgaans deur die karakter Cóllette/ Let **gefokaliseer**. Dit beteken dat die leser nooit regtig weet of Let se weergawe van die werklikheid die ware toedrag van sake is nie.

**OPDRAG:****DEEL A**

Herteken die breinkaart op die volgende bladsy in jou antwoordboek en maak by elke opskrif nog 2 of meer gepaste inskrywings om jou opstel deeglik te beplan.



**DEEL B**

Gebruik die breinkaart as beplanning en skryf 'n literêre opstel van ongeveer 500 woorde oor **die invloed van die fokalisering** op die **ruimte, tyd, karakterisering, handeling** en die belangrikste **motiewe en temas** in die kortverhaal 'Die Romany Creams'.

**Belangrik:**

- Jou opstel moet getuig daarvan dat jy die breinkaart gebruik het vir jou beplanning.
- Maak seker daar is 'n sterk inleiding wat jou opstelonderwerp duidelik stel.
- Die liggaam van jou opstel moet bestaan uit paragrawe met een hoofgedagte per paragraaf; ondersteun deur toepaslike materiaal uit die breinkaart.
- Sluit jou opstel af met 'n samevatting van jou siening.
- Goeie taalversorging en spelling sal in jou guns tel.

**Breinkaart = 10 punte**

**Literêre opstel = 20 punte**

[30]

**VRAAG 4**                    **INFANTA – DEON MEYER**

**Infanta** word in 'n resensie in *die Volksblad* beskryf as "n **skitterende spur- misdaad- en polisieverhaal**. Wat die roman egter veral laat uitstyg, is die grondige dieptestruktuur van die **sielkundige dryfvere van die drie hoofkarakters**'.

**Lees ook die volgende uittreksels uit dieselfde resensie:**

'Christine van Rooyen is 'n hoëklassekswerker wie se lewe drasties verander as sy met die dwelmbaas Carlos Sangrenegra en sy kartel deurmekaar raak'.

'Spurder-inspekteur Bennie Griessel van die Ernstige en Geweldsmisdaadeenheid word deur sy vrou uit die huis geskop weens sy oordadige drinkery oor baie jare. As hy ses maande lank kan nugter bly, mag hy terugkom ...'

'Tobela Mpayipheli, voormalige Umkonto we Siswe-soldaat, word 'n uitgeslape reeksmoordenaar met 'n roeping as hy kindermolesteerders uitsoek en met sy assegaai doodsteek'.

**Opdrag:**

**In 'n beredenerende opstel van 500 – 600 woorde bewys die geldigheid van die resensent se opmerkings, met spesiale verwysing na die vetgedrukte dele in die aanhaling.**

**WENKE:**

Skryf 'n paragraaf oor elk van die **kenmerke** van die verhaal (spur, misdaad, polisie) soos dit neerslag vind in die roman.

Bespreek dan verder **watter** 'sielkundige dryfvere', na jou mening, elke hoofkarakter se handeling onderlê, in opvolgende paragrawe.

Sluit af met 'n paragraaf waarin jy bogenoemde paragrawe saamvat en toon hoe hulle gesamentlik 'n boeiende roman tot stand bring.

Beplan jou opstel voor jy begin skryf.

Verwys na die romanteks om jou bewerings te staaf.

Gepaste register en keurige taal en styl sal in jou guns tel.

[30]

<b>60 punte</b>
-----------------



**AFDELING B      TRANSAKSIONELE SKRYFWERK**

Beantwoord **AL die vrae** in hierdie afdeling.

**VRAAG 5**

Lees die onderstaande artikel goed deur en voer dan die opdragte uit.

## Hubare boere gesoek vir TV-reeks

**THINUS FERREIRA**

KAAPSTAD. – Hulle ken van koeie melk, is bakgat met beeste, maar begeer hul eie bokkies.

Suid-Afrikaanse boere wat sukkel om vrou te vang, kry nou ook die kans om op TV 'n bietjie liefde te soek vir daardie eensame wintersaande wanneer die kalwers reeds in die kraal is.

Inskrywings open vandag vir kykNET se nuwe realiteitsreeks *Boer soek 'n Vrou* in samewerking met *Landbou Weekblad*, vir jare die stoere tydskrifbastion van 'Hoekie vir Eensames' en 'By die Opsitkers.'

*Die Burger* het betroubaar verneem Elma Postma, bekend vir haar rol as Dezi in *7de Laan* en aanbieder van *Ontbytsake* op kykNET, het pas 'n kontrak geteken as aanbieder van dié program.

Die reeks van 13 episodes sal in spitskyktyd in Augustus uitgesaai word. Die vervaardigers beplan ook 'n opvolg-reünie waarin kykers sal uitvind wie ware liefde gevind het.

In *Boer soek 'n Vrou*, wat kykNET beskryf as 'n 'opwindende en romantiese reeks wat die wel en wee van enkellopende boere volg in hul soeke na liefde,' word 'n klomp boere voorgestel aan 'n paar vroue uit die stad.

Die plaasboere kry dan die kans om 'n liefdesmaat te kies nadat vroue wat in die boer en sy lewenswyse belang stel, 'n paar ligte huistakies moet verrig om uit te vind of hulle kan aard tussen bale hooi en dalk so 'n bietjie beesmis.

Die vervaardigers soek nou eers tien ongetroude boere van oor die hele land om in te skryf, waarna die boere se profiele op TV uitgesaai sal word.

Die land se vroue sal dan die kans kry om vir die plaasmanne te skryf, waarna hul plaasbesoeke verfilm sal word – ongeag van waar in die land of hoe ver weg die boer en sy plaas geleë is. Vroulike boere wat man soek, kan volgens die vervaardigers ook inskryf.

'Die reeks is iets heeltemal anders,' het Haddad Viljoen, kykNET-publisiteitsbeampte aan *Die Burger* gesê.

Boere moet ouer as 21 wees, in 50 woorde sê wat hulle soek in 'n ideale vrou, 'n beskrywing gee van hulself en hul stokperdjies, sowel as 'n kort beskrywing van die ideale romantiese afspraak. 'n Kleurfoto en identiteitsboekie-afskrif moet ook ingestuur word.

(Effens verkort uit *Die Burger* 5 Mei 2008)

**DEEL A**

Stel **vyf noodsaaklike vrae** op wat boere moet invul op 'n inskrywingsvorm voordat hulle aan die kompetisie kan deelneem. Die vrae moet gepas wees vir die TV-reeks soos dit verduidelik word in die artikel hierbo. Skryf die vrae (genommer van 1 – 5) onder mekaar neer. (5)

**DEEL B**

Jy het gisteraand die profiel van jou droomboer (manlik of vroulik) op TV gesien en wil baie graag aan die kompetisie deelneem. Skryf nou 'n **informele brief** aan hom of haar waarin jy jouself bekendstel, verduidelik waarom jy die ideale maat sou wees en hoe goed jy (as stadspersoon) op 'n plaas sou kon aanpas.

**Belangrik:**

- Jou brief moet ongeveer 150 – 180 woorde lank wees. Die woorde in jou adres word nie hierby getel nie.
- Hou by die informele briefvorm
- Aangesien jy die boer nie ken nie, is dit 'n goeie idee om nie sleng of Omgangsafrikaans te gebruik nie.
- Die sukses van jou brief is afhanklik van keurige taalversorging en spelling. (15)

**[20]****VRAAG 6**

Beskou die twee 'Flora – Love Your Heart'-advertensies hieronder wat op verskillende bladsye in een tydskrif gepubliseer is.

Onderaan beide advertensies verskyn die volgende woorde:

**Besoek <[www.loveyourheart.co.za](http://www.loveyourheart.co.za)> om meer te leer van positiewe leefstylkeuses.**

**Opdrag:**

Jy is die **jeugredakteur** van die 'Love your heart'-aksie webwerf. Skryf 'n **kort, informatiewe artikel** (van ongeveer 200 woorde) waarin jy verduidelik hoe 'n **gesonde leefstyl** ook vir tieners soos jy moontlik is.

**Belangrik:**

- Die twee advertensies verskyn ook op die webwerf. Floro (die borg) vra dat **jou artikel ook by die slagspreuke (motto's) en ander inligting op die advertensies aansluit**, maar gee toe dat dit 'n goeie idee is dat Engelse woorde eerder vertaal moet word.
- Jou teikengroep is Afrikaanssprekende tienerlesers.
- Jou styl moet informeel wees en in loslit Afrikaans geskryf wees.
- Gee jou artikel 'n nuwe, oorspronklike titel.
- Marknavorsing het gewys dat julle lesers nie hou van sleng of Engelse woorde wat direk oorgedra word in Afrikaanse tekste nie.
- Uitstekende taalversorging en spelling is van kardinale belang.

Skryf die teks vir die webblad in jou antwoordboek neer.

**[20]**

**EK IS VIR DRAF**

AS JY JOU HART KON SIEN, SOU JY BETER DAARNA OMSIEN?

Flora  
LOVE YOUR HEART

Flora THE PULSE BEHIND THE COMRADES MARATHON.

Besoek [www.loveyourheart.co.za](http://www.loveyourheart.co.za) om meer te leer van positiewe leefstylkeuses.

26/310106/10/A

**EK IS DAARVOOR OM 'N STOELPATAT TE WEES**

AS JY JOU HART KON SIEN, SOU JY BETER DAARNA OMSIEN?

Flora  
LOVE YOUR HEART

Flora THE PULSE BEHIND THE COMRADES MARATHON.

Besoek [www.loveyourheart.co.za](http://www.loveyourheart.co.za) om meer te leer van positiewe leefstylkeuses.

26/310106/10/A

40 punte

TOTAAL VIR HIERDIE VRAESTEL: 100 PUNTE